**Ons het ‘n gesalfde Hoëpriester**

**Heb 5:1-6**

**1 Mei 2022**

1. Heb 4:14-16: Die Seun is die groot en simpatieke Hoëpriester – daarom kan ons met vrymoedigheid na die genadetroon gaan
2. Die Hoëpriester van die Christelike geloof styg uit bo die hoëpriester van die Joodse geloof
3. Belofte van ‘n betroubare Hoëpriester aan Eli vervul in die Seun (1 Sam 2:35)
4. Die hoëpriester moet ‘n mens wees (Heb 5:1)
    a. Hoëpriester moet dieselfde aard hê as die mense wat hy verteenwoordig (Heb 2:17, 4:14)
5. Die hoëpriester moet ter wille van mense optree (Heb 5:1)
    a. Hoëpriester moet die afstand tussen God en mense oorbrug (vgl Gen 2:22-24, Eks 19:12, Jes 59:2, Ef 4:18)
    b. OT hoëpriester het die name van die stamme voor God gebring ter herinnering (Eks 28:9, 12, 21, 29)
6. Die hoëpriester moet gawes en offers bring vir sonde (Heb 5:1)
    a. Die hoëpriester tree namens mense op voor God deur offers te bring
    b. Die Seun was as Hoëpriester aktief in beheer toe Hy Sy offer gebring het (Ef 5:25, Joh 10:18, Joh 19:30)
7. Die hoëpriester het medelye met die swakhede van die mense (Heb 5:2-3)
    a. OT hoëpriesters het medelye gehad omdat hulleself ook gesondig het (vgl 1 Sam 1:9-14) – daarom moes hulle eers versoening doen vir eie sondes (vgl Lev 16)
    b. Die Seun het as Hoëpriester ook medelye, nie omdat Hy self gesondig het nie, wel omdat Hy die swakhede en versoekings van die mense verstaan (Heb 4:15)
    c. Die Seun as Hoëpriester ignoreer nie net die sondes van gelowiges nie, Hy veroordeel dit ook nie net nie, weens Sy medelye met hulle maak Hy hulle sondes Sy eie en as Hoëpriester offer Hy Homself daarvoor
8. Die hoëpriester moet deur God geroep wees (Heb 5:4-6)
    a. God het OT hoëpriesters geroep (Eks 28:1, Num 20:25-26)
    b. God het ook Christus (Gesalfde) aangestel as Hoëpriester (vgl Joh 8:54, Joh 17:1)
    c. God het die Seun geroep en gesalf as Hoëpriester toe Hy gesê het: ”Jy is My Seun” (Ps 2:7)
    d. In Ps 2 is die Gesalfde gesalf toe God gesê het “Jy is My Seun”
    e. By twee geleenthede het God uit die hemel gesê: “Dit is My geliefde Seun” – met Jesus se doop en met Sy verheerliking op die berg
    f. Doop van Jesus = roeping, salwing en wyding van die Seun as Hoëpriester (Mat 3:13-17, vgl met Lev 8:1-2, 12, 22)
    g. Verheerliking van die Seun op die berg = roeping en salwing van die Seun as Koning (Mat 16:28-17:7, vgl 2 Pet 1:16)
    h. God het dus self die Seun aangestel as Priesterkoning
    i. Die Bybel sluit af met die Lam (Hoëpriester) op die troon (Koning) (Op 22:1)
    j. Die Seun is Hoëpriester volgens ‘n ander orde – die orde van Melgisedek (v6)
9. Opsomming
    a. Ons Hoëpriester is: groot, simpatiek, ‘n mens, tree op ter wille van ons, neem ons sonde aan as Sy eie, offer Homself as volmaakte offer daarvoor, en is deur God self aangestel – daarom moet ons aan Hom vashou in die geloof!